# AGRIBEL
## BEHEREND BEPERK

**(Registrasienommer: 1996/017629/06)**
**("die maatskappy")**

**VERKLARING VAN FINALE EN SPESIALE DIVIDEND**

KENNIS GESKIED HIERMEE dat die raad van direkteure van die maatskappy 'n finale dividend (nr. 47) van 29 sent per aandeel asook 'n spesiale dividend (nr. 48) van 25 sent per aandeel op 27 Junie 2023 verklaar het vir die periode geëindig 30 April 2023.

Belangrike datums vir aandeelhouers van gewone aandele:

| Aksie | Datum |
|---|---|
| Laaste dag vir indien van skripdividend keusevorm: | Vrydag, 18 Augustus 2023 |
| Laaste dag vir verhandeling: | Maandag, 21 Augustus 2023 om 16:00 |
| Rekorddatum: | Dinsdag, 22 Augustus 2023 om 08:00 |
| Betaaldatum van dividend: | Woensdag, 30 Augustus 2023 |

Dividendbelasting sal teruggehou word teen 20% van die bruto dividend van 54 sent per aandeel, tensy 'n aandeelhouer vir vrystelling kwalifiseer. Nadat die dividendbelasting teruggehou is, sal die netto dividend 43,2 sent per aandeel beloop.

**SKRIPDIVIDEND AANBOD**

KENNIS WORD OOK GEGEE dat die direksie besluit het om aandeelhouers die geleentheid te bied om gewone aandele in die maatskappy te ontvang in plaas van die kontantdividend teen 'n uitgifteprys van R8,00 per gewone aandeel ("skripdividend").

Aandeelhouers is nie verplig om deel te neem aan die skripdividend of om op die aanbod te reageer nie. Indien 'n aandeelhouer nie op die skripdividendaanbod reageer nie, sal die kontantdividende in die normale gang ontvang word.

Indien 'n aandeelhouer wel besluit om aan die skripdividendaanbod deel te neem kan gekies word om die helfte (50%) van die kontantdividend as aandele in die maatskappy ("aandele") te ontvang. 'n Aandeelhouer kan slegs ten volle deelneem aan die skripdividendkeuse soos bo genoem.

Die aantal aandele waarop 'n aandeelhouer geregtig sal wees, sal bepaal word met betrekking tot die verhouding wat 1c (een sent) kontantdividend dra tot die skripdividendprys van R8,00 (agt rand) per aandeel wat deur die raad goedgekeur is.

**FINANSIËLE RESULTATE**

Die maatskappy het 'n 73,5% aandeelhouding in Senwes Beperk. Die geouditeerde finansiële state van Senwes vir die periode geëindig 30 April 2023 is op die internet by www.senwes.com beskikbaar. Alternatiewelik kan die maatskappysekretaris van Senwes by 018 464 7104 gekontak word vir 'n afskrif.

'n Omsendskrywe met die volle besonderhede van die skripdividend en terugkoopaanbod sal op 14 Julie 2023 versprei word. Die laaste dag vir die indien van die skripdividendkeusevorm sal 18 Augustus 2023 wees.

In opdrag van die direksie.

**AE Scholtz**
**Maatskappysekretaris**
Klerksdorp
28 Junie 2023
Tel nr: 012 667 6454

http://senwes.co/abresults23